PROVINSIALE KENNISGEWING 451 VAN 2024

KENNISGEWING VAN AANSOEK VIR DIE WYSIGING VAN DIE STEVE TSHWETE GRONDGEBRUIKSKEMA, 2019 INGEVOLGE ARTIKEL 62(1), 94(1) EN 97 VAN DIE STEVE TSHWETE PLAASLIKE MUNISIPALITEIT RUIMTELIKE BEPLANNING EN GRONDGEBRUIKSBESTUURSVERORDENING, 2016 WYSIGINGSKEMA 141 EN BYLAAG A117

Ek, David Gerhardus Malherbe (Pr Pln. A/3216/2022) die gemagtigde agent van die eienaar van Erf 2640, Middelburg Uitbreiding 9 gee hiermee ingevolge Artikel 62(1), 94(1) en 97 van die Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuursverordening, 2016, saamgelees met die Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruiksbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013), kennis dat ek by Steve Tshwete Munisipaliteit aansoek ingedien het om die wysiging van die Steve Tshwete Grondgebruikskema, 2019 deur die hersonering van die eiendom geleë te 53 Verdoorn Straat Middelburg van "Residensieel Sone 1" na "Residensieel Sone 3" vir die oprig van wooneenhede.

Besonderhede van die aansoek lê ter insae gedurende kantoorure by die kantoor van die Munisipale Bestuurder, Steve Tshwete Plaaslike Munisipaliteit, Munisipale gebou, Wandererslaan, Middelburg, 1050, Tel: 013 249 7000, vir 'n tydperk van 30 dae vanaf 3 Mei 2024 tot 4 Junie 2024 vir kommentare. Enige persoon wat nie kan skryf nie sal tydens kantoor-ure deur 'n amptenaar by die kantoor van die Munisipale Bestuurder bygestaan word om kommentaar in te dien.

Besware of vertoë ten opsigte van die aansoek moet binne 'n tydperk van 30 dae vanaf 3 Mei 2024, skriftelik by of tot die Munisipale Bestuurder by bovermelde adres of by Posbus 14, Middelburg, 1050, ingedien of gerig word.

Kontak besonderhede van die aansoeker:

Tel: 067 317 0609

E-pos: apstownplanner@gmail.com

3–10